Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 22 Des. 1948 Prys 3d. No. 7

# PROVINSIALE VERKIESINGS SUIWER H.N.P. VERKIESINGS — SÊ K.G.

**Die verkiesing vir die provinsiale rade is nie 'n regeringsverkiesing wat oorgedra is op die provinsiale terrein nie; dit is 'n H.N.P.-verkiesing, suiwer en gesuiwerd, verklaar die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in 'n verklaring na aanleiding van die H.N.P. se hernude stryd teen die O.B. op die vooraand van die provinsiale verkiesings en van die Afrikanerparty se onttrekking aan die verkiesings. Die verklaring lui:**

„In die komende maande gaan die hele land onderstebo gegooi word oor iets wat normalerwyse nie baie ernstig geneem word nie . . . naamlik 'n verkiesing vir die provinsiale rade, die liggame wat skole, hospitale en paaie van die vier provinsies moet beheer. Die regering is van die rade nie juis afhanklik nie, behalwe dat hulle medeseggingskap het by die benoeming van senatore. Origens is hulle soos aangedui, beperk tot skole, hospitale en paaie.

**„Maar in die maande wat voorlê gaan u hoor, en by herhaling hoor, dat die heiligste belange van Blank Suid-Afrika gemoeid is met die provinsiale verkiesing en dat alleen die verkiesing van die H.N.P.-kandidate (of soos hulle hulself graag verkeerdelik noem: die ‚nasionale' kandidate) daardie heiligste belange kan red.**

„Die regering van die land kan nie deur dié verkiesing tot val gebring word nie en die gebruiklike kreet: ‚Wil julle dan Jan Smuts aan die regering sien?' gaan glad nie ter sake wees nie; want as die regering in gevaar is, dan is dit eienaardig dat die een vleuel van die regering (die Afrikanerparty onder leiding van mnr. Havenga — dr. Malan se seniorkollega) glad nie eens in die veld is nie. En dit nogal nie weens onwilligheid nie, maar omdat die toegang tot die strydveld deur die hoofleier van die H.N.P. versper is deurdat hy hul kandidate (benoem deur mnr. Havenga) geweier het. Waaruit mens kan aflei dat hy die gevaar vir Blank Suid-Afrika nie baie hoog skat nie.

### H.N.P.-VERKIESING

**„Dus . . . en hierdie punt is van fundamentele belang! . . . dit is nie 'n regeringsverkiesing wat oorgedra is op die provinsiale terrein nie; DIT IS 'N H.N.P. - VERKIESING, suiwer en gesuiwerd. En 'n bloot H.N.P.-verkiesing nie omdat die H.N.P. deur hul bondgenoot in die steek gelaat is nie, dog wel omdat hulle dit so wil hê (hulle het die ‚weierwerk' gedoen).**

„Hulle wil dit so hê omdat hulle meen dat die resultaat van die verkiesing sal wees dat hulle aan die wêreld kan sê hulle het geblyk **sterk genoeg te wees om alleen te kan regeer.**

„Maar, sal die O.B.-man en -vrou vra, wat dan van die heiligste belange van Blank Suid-Afrika wat alreeds aangedui is as een van die hoof slagkrete by die komende verkiesing en wat by elke blanke weerklank kan vind?

### PARTYMANEUWER

**„Die antwoord is eenvoudig: Blank Suid-Afrika is met die hele partymaneuwer nie gemoeid nie. Ek wil verder gaan en met nadruk sê dat as Blank Suid-Afrika werklik in gevaar sou wees, dan sou dit 'n kriminele roekeloosheid beteken om enige blanke krag wat hulp aanbied te weier en in die gesig te klap. As Blank Suid-Afrika in gevaar is dan moet mens aanneem dat elke blanke (of selfs nie-blanke) krag nie net nodig maar ook welkom is. Nie net in Piketberg nie maar ook in Brakpan. Nie net in Worcester of Waterberg nie maar ook in die Paarl en Mosselbaai en Ventersdorp en al die ander setels waar blanke kragte — goeie en aktiewe en waaragtig opregte blanke kragte — deur die H.N.P.-leiding in die gesig geklap en geweier is bloot omdat hulle (hoewel lede en selfs hoofbestuurslede van die H.N.P. se bondgenoot, die Afrikanerparty) tewens op buitepartypolitieke terrein lede is van 'n Afrikaanse volksbeweging wat in die oorlogsjare die gevaarlikste laste van die nasionale Afrikanerdom gedra het. Die laste gedra het nie op die groen en veilige kussings van die volksraad nie (waar die H.N.P.-leiding talryk verteenwoordig was) maar op die harde sementvloere van die gevangenisse en in die konsentrasiekampe (waar die H.N.P.-leiding glad nie verteenwoordig was nie).**

„As Blank Suid-Afrika werklik in gevaar was dan sou elke blanke die reg hê om te help en geen blanke sou die reg hê om andere te weier nie.

### H.N.P. WEIER

„Maar die hele situasie word opgesom in die groot opskrifte van die H.N.P.-mondstuk, die ‚Transvaler' van 10 Desember: **‚NAS. PARTY WEIER O.B.-KANDIDATE.'** Die opskrif is natuurlik foutief in dié sin dat dit nie die ‚Nasionale' Party, dog slegs die H.N.P. is wat die kandidate geweier het (geen werklik nasionale party sou so kortsigtig gewees het nie); en dis nie ‚O.B.-kandidate' nie dog ‚Afrikanerpartykandidate, gestel deur dr. Malan se kollega in die regering, mnr. Havenga.

„Weliswaar is die manne op nonparty-politieke gebied O.B.'s, maar dan kon die opskrif net sowel gelui het: ‚H.N.P. weier kerk-kandidate' want hulle is lidmate; of ‚H.N.P. weier boere-kandidate' want hulle is boere (mnr. Eloff van Ventersdorp is nogal vise-president van die Transvaalse Landbou-unie); of ‚H.N.P. weier republikeinse Afrikaners', want die kandidate is sonder uitsondering goeie en waaragtige republikeinse Afrikaners.

### ALLEENBEHEER

**„Nee, ons weet . . . en elke mens wat nie siende blind of kinderlik liggelowig is nie, weet . . . dat die H.N.P. (onder die kreet ‚Red Blank Suid-Afrika') stry om iets geheel anders: naamlik om die alleenbeheer oor die Regering en die alleenreg om te sê wie Afrikaner is en wie nie.**

**„As hulle die Provinsiale Verkiesings alleen sou wen, soos hulle hoop (dog, natuurlik, wen met behulp van alle blankes se stemme, ook die geweierdes se stemme) DAN GAAN HULLE OOK ALLEEN REGEER. Maar alleenregering beteken ook dat lastige en onnodige bondgenote oorboord geskop gaan word. Met ander woorde: ALLEENREGERING BETEKEN DIE EINDE — WEENS OORBODIGHEID — VAN SAMEWERKING MET ANDER AFRIKANERS WAT NIE IN DIE H.N.P. IS NIE (of wat deur H.N.P.-kongresbesluit nie in daardie party KAN wees nie).**

### FELLE OFFENSIEF

„Om ‚Blank Suid-Afrika te red' word in al hul blaaie oor die hele Unie gelyktydig 'n felle offensief van stapel gelaat op 'n Blanke Volksorganisasie wat buitekant die partypolitiek staan, naamlik die Ossewabrandwag. **En vanselfsprekend gaan die O.B. homself verdedig teen hierdie vernietigingsaanval. Slegs hensoppers sou anders handel.**

**„Of verwag die H.N.P.-leiding dat die O.B. met man en muis na die stembusse moet marsjeer en vra: ‚Meneer, asseblief, waar kan ek my kruisie vir jou trek?' Stemvee; en nie net stemvee nie dog stemvee wat ter slagting gaan om vir die eie slagters te stem!"**

# OUD-L.W.V. SLUIT AAN BY A.P.

## Oproep Na Konferensie

Mnr. Isak A. Cronje, Posbus 76, Otjiwarongo, Suid-Wes, skryf dat hy bedank uit die Nasioanle Party van Suid-Wes en by die Afrikanerparty aansluit. Hy doen hierdie stap omdat die Nasionale Party se deure vir hom as O.B.-lid gesluit is. Mnr. Cronje is 'n baie gesiene inwoner van Suid-Wes en 'n oud-lid van die Wetgewende Vergadering. Hy skryf soos volg:

„Aangesien die Nasionale Party van Suidwes nou ongelukkig een geword het met die H.N. Party van die Unie:

(a) Deur direkte verteenwoordiging in die Federale Raad van die Unie se H.N.P. en,

(b) deur die versekering dat die voorgestelde ses verteenwoordigers van Suidwes in die Unie Volksraad (as dit Nasionaliste mag wees) in die Koukus van die H.N.P. opgeneem moet word. **As die ses Suidwes verkose lede vir die Volksraad egter O.B.-lede mag wees, mag hul geen sitting in die H.N.P. Koukus hê nie. Hierdeur is hul deur vir my as O.B. gesluit en, het ek geen ander keuse as om te bedank as lid van die Nas. Party van Suidwes wat ek hiermee doen en ek sluit by die Afrikaner Party aan omrede dit die mees gematigde middelweg party is wat sy deure vir alle blanke inwoners van Suid-Afrika en Suidwes oopsit.**

„Ek stig binnekort 'n tak van die Afrikaner Party in Otjiwarongo en nooi alle belangstellendes in die Afrikaner Party en alle O.B.-lede, wat deur hul eed lid van hierdie kulturele beweging geword het, uit na 'n Konferensie wat vroeg in 1949 in Windhoek gehou sal word. By hierdie geleentheid sal 'n verantwoordelike persoon van die Afrikaner Party uit die Unie ook teenwoordig wees, wie deur my en verskeie vooraanstaande persone uitgenooi is."

---

## *Boerejeug Hou Tiekie-Aand*

Die Boerejeug van Oudtshoorn het hul sluitingsfunksie in die vorm van 'n Tiekie-aand op Vrydagaand, 10 Desember, in die Tempetier-saal gehou.

Die saal was kunstig versier, ook met 'n Kersboompie om die regte stemming te skep.

'n Boerejeug-wapen kompleet met glas en raam, geteken deur J/korp. Bothma, het veel aandag geniet.

Daar was verskeie speletjies langs die mure soos bv. Bakatel, Ringbord en 'n Olifant vir die kleinspan en die wenners is almal met goeie pryse beloon, terwyl in die middel weer volkspele en die beminlike derdemannetjie, wewenaar, ens., gespeel is. Die opkoms was bo verwagting en die toppunt is bereik toe selfs oom Ampie en oom Bothma — twee van ons oudste Brandwagte — ewe lustig saam volkspele doen. Die Boerejeug-orkes het gesorg vir musiek.

Om half-elf is ons moeg maar tevrede huistoe en was gou in droomland. — (Ingestuur.)

# SKENK MEKAAR VERTROUE — K.G. SE BOODSKAP

**In onderstaande Nuwejaarsboodskap doen die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, 'n beroep op O.B.-lede om in die dae wat kom die nadruk te laat val op liefde, vertroue en samewerking:**

**Dikwels gis mens oor die nuwe jaar en wat in sy skoot verborge lê. Vir die jaar 1949 is gissing tot 'n sekere mate onnodig. Hy bring verwarring en stryd en, vir die Ossewabrandwag, gevare wat ons uitmekaar wil ruk. Maar as ons vasstaan by twee versekerings gaan ons wen, en met ons gaan wen die trou en die verdraagsaamheid wat elke Afrikaner behoort na te streef.**

**Eerstens moet elkeen besef dat wat op die spel is, is die gedagte van Afrikanersamewerking of Partydiktatuur; as ons onsself laat opsweep en bangmaak met die voorstelling dat een party ons kan salig maak en dat niemand 'n goeie Afrikaner is tensy hy of sy in daardie party is nie (of minstens vir daardie party stem, al mag hulle nie daarin wees nie) dan word alle pogings om samewerking onder Afrikaners te verkry, in die kiem versmoor, want die diktatuur het geen samewerking nodig nie.**

As ons almal toon dat slegs deur samewerking en nie deur onderdrukking van mede-Afrikaners gaan die stryd gewen word, dan is die stryd alreeds gewen. Die stryd vir verdraagsaamheid en fatsoenlikheid in die boesem van ons volk.

Tweedens moet elkeen van ons besef dat, hoe en waar jou broer en suster in die Beweging ook stem in die dae wat kom, het hy of sy 'n besondere reg op jou verdraagsaamheid en jou erkentlikheid wat tien jaar se onafgebroke en toegewyde volksdiens in ons kameraadskap aan elkeen verleen.

Ons vyande, wat die vernietiging van die Beweging plan, wil ons met haat vervul teen mekaar; laat ons antwoord wees steeds sterker en verstandige liefde vir mekaar se opregtheid en eerlike bedoelings.

Dit sal ons red, en **alleen op daardie pad kan hierdie arme partysieke volk gered word.**

Mag 1949 die oorwinning vir hierdie gedagte bring!

---

## *Weer Oorlog In Indonesië*

Die Nederlandse regering het verlede Sondag die jaar-oue wapenstilstand met die Indonesiese republiek verbreek ten einde die land van terroristiese elemente te suiwer, berig Sapa. Nederlandse valskermtroepe het die hoofstad Jogjakorta verower en die President, Eerste Minister en ander republikeinse leiers gevange geneem en geïnterneer.

'n Spesiale sitting van die Veiligheidsraad van die V.V.O. is byeengeroep om die Indonesiesie kwessie te bespreek. Nederland se standpunt is dat die V.V.O. onbevoeg is om oor die saak te beslis.

# Verg Meer Vertroue Van Engelse As Wat Hulle Gee Aan Afrikaners

**Gedurende 'n kortstondige periode van ses maande kon die nasionale Afrikanerdom sonder voorbehoud oor sy parlementêre oorwinning juig en kon hy onbekommerd die toekoms tegemoet sien. Maar nou is hy weer teësinnig teruggedwing na kommer en vertwyfeling as gevolg van die hervatting van vervloë Afrikanertwiste.**

Elke Afrikaner sal die jaar 1948 onthou as die jaar wat met die hoop op Afrikanersamewerking begin het; die jaar waarin hierdie samewerking met 'n Afrikaneroorwinning bekroon is; maar ook as die jaar wat eindig met die heroplewing van Afrikanertwis.

In 1948 het duisende lede van die Ossewabrandwag by die Afrikanerparty aangesluit in die vertroue dat hulle sodoende 'n groter Afrikanereenheid help bewerkstellig. Die gedagte was dat die O.B. deur middel van die A.P. tot praktiese samewerking met die H.N.P. kon kom. Maar die jongste politieke ontwikkelinge het die harde les geleer dat vrede alleen gesluit kan word as altwee kante daartoe bereid is. En die H.N.P. is beslis nie bereid om vrede met die O.B. te sluit nie — inteendeel die H.N.P. forseer 'n twis ten spyte van die O.B. se aanbod tot samewerking. Boonop is die H.N.P. nie tevrede om sy twis met die O.B. tot die O.B. te beperk nie, maar hy dwing ook sy bondgenoot mnr. Havenga en die Afrikanerparty om kant te kies in hierdie onnodige twis.

### KALM ANTWOORD

Mnr. Havenga het sy standpunt kalm en gematigd gestel in sy gepubliseerde brief aan die H.N.P.-leier:

**„Ek was altoos sterk oortuig dat in belang van die eenheid van ons nasionaalgesinde Afrikanerdom, die tyd aangebreek het dat ons nie hierdie Afrikaners, wat eerlik en bona fide gereed is om al ons partybeginsels en verpligtinge te aanvaar en tot ons partyverbande toe te tree, daaruit moet weer nie."**

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR WAARNEMER**

Maar die H.N.P. was ongelukkig reeds verby die stadium waar gesonde verstand nog geld. Hulle het van mnr. Havenga geëis om ten aansien van kandidaatskap in die openbaar te diskrimineer teen A.P.-lede wat ook O.B.-lede is. As eerbare en beginselvaste man moes mnr. Havenga hierdie H.N.P.-eis verwerp, eerstens omdat hy en die Afrikanerparty geen Afrikaner en geen nasionaalgesinde organisasie van Afrikanersamewerking wil en mag uitsluit nie en tweedens omdat hy onmoontlik kan toelaat dat sy H.N.P.-bondgenoot denkbeeldige skape van denkbeeldige bokke in die Afrikanerparty kom skei nie.

### TWEE DINGE

Met bewonderenswaardige nugterheid en beheersdheid het mnr. Havenga gevolglik samewerking by die provinsiale verkiesings en parlementêre samewerking van mekaar geskei. **Hoewel hy besluit het dat die A.P. nie sal deelneem aan die provinsiale verkiesings nie, en hoewel hy die toegekende A.P.-setels aan die H.N.P. teruggegee het, het mnr. Havenga nogtans verklaar dat sy party die parlementêre samewerking met die H.N.P. sal voortsit. Hierdie onselfsugtige houding van mnr. Havenga het in H.N.P.-kringe glad nie die waardering ontvang wat dit verdien nie.**

Dit dien beklemtoon te word dat hoewel die H.N.P.-leiding die standpunt van mnr. Havenga en die A.P. ten aansien van die O.B.-lede van die A.P. geken het, was die party nie bereid om terwille van samewerking en onderlinge welwillendheid enige toegewing aan die bondgenootparty te doen oor die kandidaat-kwessie nie. En tog sou dit vir die H.N.P.-leiding maklik gewees het om 'n toegewing te doen, want daarvoor bestaan reeds 'n presedent.

### ENGELSE VERTROUE

Die H.N.P. beweer naamlik dat die party republikeins is. Nogtans vra die party aan anti-republikeinse Engelssprekendes om vir republikeinse H.N.P.-kandidate te stem **omdat die verkiesing gaan oor die behoud van die blanke beskawing en nie oor 'n republiek nie.**

**Waarom is die H.N.P.-leiding dan nie bereid om ten opsigte van die O.B. self te doen wat hy vra dat Engelssprekendes ten opsigte van die H.N.P. moet doen nie?**

Die O.B. glo aan die ideaal van 'n partylose staat. **Maar as 'n O.B.-lid as A.P.-kandidaat staan, dan veg hy die verkiesing vir die behoud van die blanke beskawing en nie vir 'n partylose staat nie. En waarom kan H.N.P.-lede dan nie vir hom stem nie? Verwag die H.N.P. dat Engelssprekend Suid-Afrika groter offers vir die blanke beskawing moet bring as wat die H.N.P.-leiding self bereid is om te bring?**

### 'N VRAAG

In die lig van voorgaande word die weiering van die H.N.P. om enige toegewing aan die A.P. te doen oor die O.B.-kwessie nog onheilspellender. **Waarom maak die H.N.P.-leiding gebruik van die feit dat O.B.-lede in goeie trou ook A.P.-lede is om 'n onnodige stryd met hul bondgenootparty aan te knoop?** En waarom is die H.N.P.-koerante so opmerklik bitsig teenoor die Ossewabrandwag — wie se lede byna, sonder uitsondering, aan die H.N.P. se bondgenootparty behoort? **Soek die H.N.P.-leiding dan moeilikheid met die A.P.?**

'n Ander vraag doen homself in hierdie verband voor. Waarom volhard die H.N.P.-leiding daarin om die provinsiale verkiesings te gaan veg oor die kwessie van die verskanste klousules in die Unie-grondwet, terwyl hulle weet wat mnr. Havenga se standpunt oor die saak is. Mnr. Havenga het duidelik verklaar dat syns insiens die verskanste klousules van ons grondwet alleen gewysig kan word met behoorlike inagneming van die volkswil — **en die volkswil oor 'n fundamentele uniale aangeleentheid kan tog nie by vier provinsiale verkiesings getoets word nie. Gestel die provinsies gee botsende uitsprake, wat dan? Maar in ieder geval is die beginsel om 'n parlementêre mandaat by 'n provinsiale verkiesing te vra, verkeerd.**

### WAAROM?

Die vraag is nou, waarom die H.N.P.-leiding, wel wetende wat mnr. Havenga se standpunt is oor die saak, volhard in hul verkeerde houding en daardeur opsetlik 'n geskilpunt tussen die partye na vore dwing?

Is die H.N.P.-leiding gretig om die samewerking met die A.P. te behou en te konsolideer? **Of moet mens in die stappe wat die H.N.P.-leiding doen die aanvoorwerk sien vir die uiteindelike verbreking van die ooreenkoms?** Die H.N.P.-leiding moet onthou dat die huidige regering uit twee partye bestaan en die H.N.P. moet ewe-eens onthou dat die beleid van die regering rekening moet hou met die sienswyse van albei die partye.

Voorts moet die H.N.P. onthou dat duisende mense op 26 Mei vir die regeringskombinasie gestem het omdat hulle vertroue het in die Hertzog-beleid wat deur mnr. Havenga en die A.P. in die regering verteenwoordig word. En mnr. Havenga sal die vertroue van hierdie mense skok, indien hy eenvoudig sy beginsels opoffer aan die onredelike eise van sy bondgenootparty. **Die H.N.P.-leiding moet verstaan dat as hulle die land wil regeer met behulp van die A.P. dan moet hulle rekening hou met die redelike standpunt van die A.P.**

### „MOET TRAP"

En as die H.N.P.-leiding dit nie wil doen nie? Moet 'n mens dan aanneem dat die H.N.P. homself sterk genoeg ag om kop-in-die-lug te regeer asof daar geen A.P. is om mee rekening te hou nie? En as die A.P. hom verplig voel teenoor sy ondersteuners om sy standpunt te stel en erkenning daarvoor te vra, wat gaan die H.N.P.-leiding dan doen? Mnr. J. G. Strydom, die Transvaalse H.N.P.-leier, het hierdie vraag ondubbelsinnig beantwoord: as die A.P. nie die H.N.P.-beleid wil sluk nie moet hul trap! Die gesindheid van die H.N.P.-leiding teenoor die A.P. is jongslede treffend geopenbaar in die reaksie van H.N.P.-blaaie op die A.P.-Hoofbestuur se verklaring. Nie 'n enkele H.N.P.-blad het die juistheid van die verklaring aanvaar nie. Almal het die waarheid daarvan betwyfel. Net een toegewing het die blaaie aan die nog-bestaande bondgenootskap gedoen — hulle het in verbloemde taal aan hul lesers vertel dat mnr. Havenga en sy Hoofbestuur leuenaars is. **Die Burger** noem die verklaring „'n hoogs eienaardige dokument, een wat beswaarlik as danig oortuigend beskou kan word."

### EEN OORSPRONG

**Hierdie nuutste Afrikanertwis het, net soos al die ander Afrikanertwiste van die verlede, ook sy oorsprong by die H.N.P.-leiding. Die Afrikanervolk sal die vraag moet stel: wat is dan verkeerd met die H.N.P.-leiding — en die volk sal op 'n antwoord moet aandring, want die volk kan nie toelaat dat die H.N.P. elke keer swaarverkrygde volkseenheid vernietig nie.**



DANS VIR PLESIER

*Maar vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

**KWV**

***-reukwater***

EN

***-laventel***

RODUKTE VAN SUID-AFRIKA

nigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. I. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

6-48

**Probeer die nuwe SPRINGBOK-„Medium"**




OK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KU

G2-1033

# REPUBLIEK TANS BUITE KWESSIE

**Volgens 'n berig uit Londen het dr. Malan in 'n onderhoud aan 'n Britse joernalis, J. A. Gray, redakteur van die Londense weekblad South Africa, gesê dat die H.N.P. nie die republikeinse kwessie sal stoot selfs al sou die party 'n groter meerderheid kry. 'n Algemene verkiesing is nie die geleentheid om oor die vraag of Suid-Afrika 'n republiek moet word, te beslis nie. Op die oomblik is dit die kleurvraagstuk wat aandag moet geniet, en omdat baie Engelssprekendes die H.N.P. hierin steun, stem hulle vir die party, het dr. Malan gesê.**

In verband met die Britse statebond het dr. Malan gesê dat hy dit as 'n klein sirkel van susterstate binne 'n groot sirkel beskou en dat daar met hulle oor enige saak waarby Suid-Afrika belang het, vrywillig saamgewerk sal word.

In 'n volgende oorlog sal Suid-Afrika nie onsydig bly nie, het hy gesê, en bygevoeg dat dit die eerste keer is dat albei seksies van die bevolking dit eens is oor die Unie se buitelandse beleid. As oorlog môre uitbreek sal dit die twee seksies verenig.

Hierop het die joernalis tussengewerp: „Mits u die wilde manne in toom kan hou."

Dr. Malan het geglimlag en geantwoord: „Ek dink ek kan."

## L.V.'s Behou Setels

Die twee hofsake i.v.m. die verkiesing in Johannesburg-Wes en Brakpan is verlede week ten gunste van die sittende lede, mnr. S. J. Tighy en A. E. Trollip, uitgewys. In die geval van Brakpan is vyf aangebode stemme aan mnr. John Vorster toegestaan, maar die hof het ook vyf pos- en ander stemme aan mnr. Trollip toegelaat, sodat sy meerderheid nou vier i.p.v. twee is.

## Republikeinse Wet Aangeneem

Die wet wat die laaste konstitusionele skakel tussen Ierland en Brittanje verbreek, is verlede week deur die Ierse senaat aangeneem sonder enige teenstand. Na verwag word sal die inwerkingtreding daarvan bepaal word vir 24 April, wanneer die Iere die opstand van 1916 herdenk.

## Is Die Ballingers Unie-Burgers?

'n Aansoek is by die Hooggeregshof in Pretoria ingedien vir die nietigverklaring van die verkiesing van senator W. G. Ballinger op 9 November vanjaar tot naturelleverteenwoordiger in die Senaat vir die kiesstreek Transvaal-Vrystaat.

Die aansoeker is mnr. J. H. J. van Rensburg, een van die verslane kandidate in die verkiesing en sy grond is die vermoede dat mnr. Ballinger nog nie die vereiste Unie-burgerskap verkry het nie.

Moontlik kan die aansoek ook die posisie raak van mev. Ballinger wat die naturellekiesstreek Oos-Kaapland in die Volksraad verteenwoordig.

As die hof sou bevind dat mnr. Ballinger nie 'n Unieburger is nie, dan volg dit dat sy eggenote ook nie 'n Unieburgeres is nie.

# APE HET KAPITALISTIESE NEIGINGS SÊ GELEERDE

**In een van die onlangse uitgawes van Natural History vertel prof. Frank Beach van die Yale Universiteit hoe ape kan leer om geld te verdien, die waarde daarvan te begryp en dit lief te hê; sommige word eintlik naderhand halfmenslike kapitaliste, vertel die professor.**

'n Aap in die dieretuin van San Diego vertoon werklike besigheidseienskappe deur stokkies in ruil aan te bied vir die neute wat besoekers aan hom gee, en sy besigheid was so suksesvol dat hy hom byna dood geëet het, vertel die geleerde. Later is die aap verwyder na 'n plek waar hy onder toesig geplaas is. Hier is aan hom gekleurde bokkies hout gegee. As hy met 'n rooi blokkie betaal, het hy 'n stukkie lemoen gekry. Met 'n bloue kon hy 'n grondboontjie koop; vir 'n witte het hy 'n piesang gekry. 'n Groen blokkie was 'n stukkie brood werd (hy het nie van brood gehou nie) en 'n geel blokkie was niks werd nie.

### ONDERSKEI

Die aap het gou geleer watter soort blokkies vir hom waarde het. Hy het meer wit blokkies (waarmee hy piesangs kon koop) aangebied as enige van die ander soort. Die blokkies wat hy die tweede meeste gebruik het was die bloues (grondboontjies).

Dit is so ver as wat die aap kon vorder. Maar sjimpansees (of mensape) het verder gevorder in hierdie geld-ekonomie. Dr. John Wolfe, ook van Yale, het ses sjimpansees geneem en hulle in 'n hok geplaas waar 'n slotmasjien in was wat elke keer wanneer jy 'n wit blokkie in die gleufie druk, 'n driuwekorrel opgelewer het. Die mensape het gou geleer hoe om die masjien te hanteer en dat die blokkies waarde het.

### ARBEID ADEL

Daarna het dr. Wolfe sy leerlinge die ander sy van geld geleer: nl. werk. Hy het 'n „werkmasjien" in hulle hok gesit met 'n swaar slinger wat gedraai moes word. As die slinger gedraai word, het daar elke keer een blokkie hout (wat hy kon uitruil vir druiwe) uitgekom. **Sommige van die ape het fluks aan die werk gegaan en naarstiglik blokkies (geld) begin uitdraai. Een van die ape het binne tien minute soveel as 185 van hierdie blokkies verdien!**

Toe die sjimpansees gewoond geword het om met geld te werk, het hulle leermeester die sakie vir hulle bietjie meer ingewikkeld gemaak. As blou blokkies nou in die gleufie gedruk word, het daar twee druiwekorrels in plaas van een uitgekom. 'n Rooi blokkie was 'n paar slukkies water werd. Die ape het die geldstelsel ook baie gou aangeleer.

Die proefnemings is nie vir die grap uitgevoer nie, maar het ten doel gehad om vas te stel of ape met simbole kan werk. Baie van die menslike bedrywighede word deur middel van simbole gedoen, bv. praat. **Die proefnemings met die ape en mensape het volgens hierdie wetenskaplikes bewys dat hulle met simbole kan werk en dit**

## Werk Vlytig Vir „Geld"

**verstaan en daarom beskik oor die vermoë om te kan dink.** Algehele afwesigheid van die vermoë om met simbole te werk, maak dit onmoontlik om werklik te dink.

## Offisier Oorlede

Dit is met diepe leedwese dat ons aan offisiere en Brandwagte wil bekend maak van die skielike en onverwagte heengaan — aan 'n hartaanval — van assistent-veldkornet Lodewyk van Veuren van Boetika, van kommando A11a6. Sy vrolike en opgeruimde geaardheid het hom alombemind gemaak; en die lang stoet wat sy stoflike oorskot grafwaarts gevolg het, het getuig van die groot vriendekring wat hy gehad het. Sy vrou, seuntjie — wat nog te jonk is om sy verlies te besef — en sy ander familiebetrekkinge kan versekerd wees van ons innige en opregte meegevoel.—Komdt. S. J. Krynauw, A11a6, Beaufort-Wes.

# DIE SPINKAMER SONDER ROMANTIEK

'n Kamer, waarin vrouens onder gesels en gelag sit en spin, klink baie romanties, en herinner aan die Opera „Der Fliegende Holländer," of laat mens aan 'n sprokie dink.

Daar is egter in hierdie spinkamer geen romantiek nie — die vrouens wat daar so vlytig sit en lang woldrade spin, is vlugtelinge uit die Ooste. Hier is een wat uit Königsberg (nou deur die Russe Kaliningrad genoem) kom, en moes vlug. Daardie een kom van dieselfde landstreek, Oos-Pruise, maar sy is 'n boervrou en haar man het gesneuwel. Die meeste ander vrouens is ook oorlogsweduwees, en ander wag nog op boodskap van hulle mans wat deur die Russe weggesleep is, en dus reeds ses of sewe jaar van hulle geskei is.

In dieselfde kamer word ook geweef — 'n vrou wat in 'n Amerikaanse krygsgevangenekamp leer weef het, gee vir die ander vrouens les.

Die wol wat so gespin word, kom ten dele van die boereplasies in die naburige dorpies, wat almal in die Russiese gebied is, maar die draad gebruik hulle self dringend vir klerasie, want die grootste gedeelte van hul skraal wol-oes moet aan die owerheid afgegee word.

Hulle vra ook om weer te leer spin, en dit is interessant dat die spinkuns eers van die platteland na die stede en nou weer van die stede na die platteland gaan.

### UIT S.A.

Maar die wol raak op, en as daar nie wol om te spin is nie, kan die vrouens wat spin nie hulle karige loon verdien nie, en almal was baie besorg.

**In dié oomblik het hulp gekom — in die gestalte van 'n wol-geskenk uit Suid-Afrika, deur die D.A.H.A. — etlike honderd kilogram ('n kilo is 2-1/5 pond) pragtige wol.** Nou kan ons weer werk, en rokke, materiaal, komberse, doeke, ens.,

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

spin en weef en nie alleen onsself nie, maar ook honderde noodlydendes daadwerklik help. 'n Besoeker skryf: „Toe ons die werk sien wat hierdie spinkamer gelewer het, was ons vervul met 'n groot dankbaarheid teenoor die D.A.H.A. in Suid-Afrika, teenoor die goeie vriende wat so veelvuldige hulp verleen. Hulle help nie alleen diegene wat deur die spin hulle lewe verdien nie, maar ook die wat die klaargespinde artikels vir hulle kinders ontvang."

Dan moet nog gemeld word dat die produkte van hierdie spinkamer in Eisenach baie gewild is, en dat in ander dele van Duitsland ook sulke spinkamers ingerig is, waar die wiele draai en in hulle lied ook 'n danklied teenoor Suid-Afrika klink.


DAMESHOEDE, *modieus en deftig,* by

Steyns

Die Modewinkel PAROW

DIE KIESKEURIGE MAN

GAAN VIR SY KLERE NA

Kotzé

*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*

SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

MERINO- EN KARAKOELWOL VIR DUITSLAND





Karakoelwol deur DAHA geskenk om die nood in Duitsland te verlig.


U wolgeskenk beteken klere vir die bitter koue winter . . . .
Nog meer . . . . dit verskaf werk en werk bring lewe vir siel en liggaam.

HELP DIE NOODLYDENDES OM TE LEWE EN HELP ONS OM TE HELP.

Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk. Merk u wol DAHA, stuur dit na u eie makelaar en stel u hoofkantoor in kennis van u skenking.

DAHA (Duits-Afrikaanse Hulp-Aksie)

BLOEDSTRAAT 164 PRETORIA
HOOPSTRAAT 105B KAAPSTAD
HIPPO-CEBOU PRODUCESTRAAT PORT ELIZABETH
POSBUS 211 WINDHOEK
O.V.S.-NOODLENIGINGSKOMITEE ALIWALSTRAAT 20 BLOEMFONTEIN


BEROEMD *en* WELBEKEND *oor die 66 jaar vir* BESTE WAARDE *in*

KLAVIERE


*VLEUELKLAVIERE HUIS- EN KERKORRELS*

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*

WAPENS


PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 22 DESEMBER 1948

# 1948 SPREEK 'N TAAL VAN WAARSKUWING

Vir 'n godsdienstige volk, soos die Afrikaner wil deurgaan, sal die jaar 1948 heelwat stof bied vir bepeinsing. Dit was tien jaar gelede dat ons volk tot 'n langsame dog innerlike ontwaking gekom het. In 'n proses van vier maande — daar was geen skok nie — het hy na 'n lang sluimering weer bewus geword van sy eie bestaan en het hy twee dinge opnuut ontdek: sy God en sy broer. In daardie eeufees het ons volk weer gedank en aanbid en ons het — al was dit maar vir 'n wyle — 'n Afrikanerhart ontdek in die boesem van die man wat ons vir soveel jare geglo het 'n verraaier was omdat hy aan 'n ander party behoort het as ons en ons hom 'n „Sap" genoem het. Hierdie ontdekking wou ons opvang en bewaar in 'n organisasie en ons het dit genoem die Ossewabrandwag — en dit is goed om te weet dat hierdie benaming afkomstig was van die huidige leier van die Ossewabrandwag. Op die vaandel van hierdie organisasie het ons geskryf die Naam van God en in sy beleidstukke die naam van ons broer — twee dinge wat ons weer ontdek het en nou bewaar.

Op 9 September 1939 het ons volk nog steeds in hierdie gees, groter vergestalting gegee aan daardie ontdekking toe hy in sy tienduisende spontaan gestroom het na sy Jabbok en daar by Monumentkoppie onder leiding van ons volksdigter Totius 'n heilige band gelê het tussen broer en broer en God en volk. Ja, daar is baie wat sal glimlag oor hierdie dramatiese vroomheid, maar 110 jaar gelede het 'n handjievol Voortrekkers dieselfde gedoen en daarna 'n daad verrig waarvoor selfs die glimlaggendes die hoed sal lig. Dit is nou eenmaal so, of ons dit wil erken of nie, dat die Afrikanervolk homself gehandhaaf en sy hoogste punte bereik het onder leiding van manne vir wie godsdiens die lewe was.

**EED VERBREEK**

Ons het teruggekeer van Monumentkoppie sterker as wat die Afrikaner nog ooit op enige tydstip van sy geskiedenis was — verenig en vervul met hoop. Maar voordat twee jaar om was het 'n deel die rug gedraai op daardie plegtige geloftes waar die een die ander se hand gevat het in teenwoordigheid van God. **In die broer is weer 'n vyand gesien — die gykte benaming vir verraad „Sap" het weer op die lippe gekom en waar dit onmoontlik was om dit in sy historiese betekenis toe te pas, is daar gepraat van „Duitse Sappe".**

En hoe was ons volk nie geslaan nie! Daar het oordele oor ons gegaan wat baie laat wanhoop het aan ons voortbestaan as volk. Dreigemente van die vyand om ons met getalle onder te ploeg is met verbysterende koelbloedigheid toegepas toe die regeringshoof skaamteloos „die goeies en die slegtes" uit die buiteland by name geroep het om die toeploegingswerk te kom doen.

Maar in 1948 het daar weer nuwe hoop gekom. Die eenheid wat in die jare na Monumentkoppie so onbeteueld verbreek is, is gedeeltelik herstel toe twee politieke partye mekaar die hand gegee het. **Dit was maar 'n gedeeltelike nakoming van die eed van Monumentkoppie, en watter verrassende vrugte het dit nie afgewerp nie! En hoeveel groter kon die sukses nie gewees het indien daardie eed volledig in ere gehou was nie!**

**DIE ROOI LYN**

Dit is 'n saak wat ons diep kan bepeins, want deur die weiering van daardie leiers om ook die uitgestrekte hand van die Ossewabrandwag te vat, was die oorwinning nie net onvolledig nie — die senaat bly o.a. nog 'n struikelblok **— maar daardie weiering werk by die uitgang van die jaar reeds voort om te vernietig die bietjie wat verkry is. Dit was asof aan ons volk op 26 Mei getoon is watter seën hy kan verwag indien hy sy geloftes van Monumentkoppie nakom; en nou, omdat daar halsstarrig geweier word om die eed te herstel, dui daardie weiering reeds soos 'n rooi inkstreep die breuk vir die nuwe jaar aan.**

En wat 'n lankmoedigheid word nog in hierdie ontbindingsproses geopenbaar! **Die skeuring is nie onmiddellik en finaal nie. Dit raak in die eerste plaas nie die verowerde posisie van die Afrikaner in die parlement nie. Dit is asof aan ons volk nog tyd gegee word vir berou. Die breuk gaan voorlopig oor 'n aangeleentheid wat nie die hoogste gesag van die land geld nie; dit is — danksy mnr. Havenga se beheersde optrede — beperk tot die minder belangrike terrein van provinsiale bestuur.**

By die uitgang van die jaar wat soveel verwagtings en hoop by die Afrikaner gewek het, is daar dus geleentheid om na te dink oor die ernstige gevolge vir die mens wat met die Hoë God onderhandel — **seën bo verwagting wanneer hy sy geloftes nakom, soos Bloedrivier en Amajuba bewys het — maar verskrikking en oordele wanneer hy dit verbreek. En daardie leiers wat terwille van onverklaarde oogmerke met die volk se lewe speel wanneer hulle gehelp het om die volk 'n eed te laat sweer om mekaar se hande te hou, het nog tyd om na te dink voordat hulle hul broers wie se hande hulle beloof het om te hou, verder verjaag en hul volk skuldig maak voor God.**

***Brief Aan My Partyvriend :***

# Moet Jou Vrou Buite Slaap Solank Sy 'n Nuwe Huis Begeer?

Geagte Vriend,

**Dit sal my laaste brief aan jou wees hierdie jaar. Ek wil jou dus 'n baie voorspoedige Nuwejaar toewens, hoewel dit my lyk of 'n nuwe jaar sonder die kop van die Ossewabrandwag op 'n skottel vir jou nie veel feesvreugde bied nie.** Ek kan dus nie aan 'n beter geskenk vir jou dink as om jou gewete oor die voortbestaan van die Ossewabrandwag gerus te stel nie. Jy skryf naamlik aan my dat die O.B. se ideale „van geen praktiese belang meer is nie" en dat hy terwille van volkseenheid liewer moet ontbind, veral omdat dit nou duidelik is dat dr. Malan in geen omstandighede bereid is om met hom saam te werk nie „reg of verkeerd," en dit dalk net op 'n nederlaag van die volk kan uitloop.

Ek wil net terloops na aanleiding van die laaste opmerking aan jou vra wat jy sal dink van 'n oudste broer wat dreig om die hele familieboedel met dinamiet op te blaas tensy 'n jonger broer sy aandeel van die erfporsie afsweer. Is dit nie wat dr. Malan doen nie? Hy weet die volk wil nie weer sy oorwinning prysgee nie, en nou stel hy die volk voor die keuse om òf die O.B. te verwerp op sy eis, òf in die woestyn te gaan. **Maar nou wil ek aan jou toon dat die volk sonder die O.B.-ideale in elk geval na die woestyn gaan. As daar dus 'n keuse is, is dit net dr. Malan se keuse en wel om òf met die O.B. saam te werk òf plek te maak vir iemand wat met die O.B. kan saamwerk, soos mnr. Havenga, wat geen O.B. ooit was nie, getoon het dat hy kan doen.**

**WAT ONS GLO**

Kyk, die O.B. glo dat ons binne die huidige parlementêre stelsel baie kan doen om vir die oomblik te verhoed dat ons vyande ons onderploeg, **maar dat ons niks bestendigs in verband met volksredding kan uitrig solank ons die Britse verdeel- en heersstelsel handhaaf nie.** Ook dr. Malan het kort gelede nog so gedink. Lees maar wat sy Federale Raad op 10 April 1941 van die Britse parlementêre stelsel gesê het:

„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees.

„Dit het die magsmiddel geword in die hande van die georganiseerde geldmag, wat deur sy eie pers die publieke opinie manipuleer vir sy eie voordeel sowel as ten behoewe van Brits-imperialistiese belange. **Ware Suid-Afrikaanse volksbelange word veronagsaam en beveg; lewensbelangrike vraagstukke bly onopgelos en word bykans onoplosbaar; te midde van ons bykans ongeëwenaarde natuurlike rykdom vergaan ons blywende bevolking in armoede, terwyl vreemde uitbuiters floreer; en deur die mees onbeskaamde korrupsie word ons openbare en algemene volkslewe aanhoudend vergiftig en verpes."** (Die Republikeinse Orde, bls. 4.)

**„ONOPGELOS"**

Dit is die H.N.P.-leiding se oordeel oor die parlementêre stelsel en dit is ook die O.B. se oordeel, maar nou eis dr. Malan dat die O.B. eers hierdie geloof moet afsweer voordat 'n O.B.-lid deel mag neem aan die stryd om „behoud van die blankedom," terwyl hy self erken het dat „lewensbelangrike vraagstukke" onopgelos bly binne die huidige stelsel. Juis omdat die O.B. glo dat hierdie vraagstukke nie binne die huidige stelsel opgelos kan word nie deurdat mense met dieselfde oortuiging mekaar moet beveg, hou hy aan die volk 'n ander stelsel voor. **As die O.B. dus moet afsien van sy ideale net omdat dr. Malan dit eis, sal, in die woorde van dr. Malan self, „die lewensbelangrike vraagstukke onopgelos (bly)," en ons volk uiteindelik vernietig.**

In hierdie verband kan ek jou net daaraan herinner hoe dr. Malan self in die parlement 'n paar jaar gelede gepleit het dat die kleurvraagstuk **„buite die partypolitieke arena"** aangepak moet word omdat dit andersins net vertroebel word. As dr. Malan reg is — en ons sê hy is — dan kan jy mos nie sê die O.B. se ideale is nie „van praktiese betekenis" nie. **Dan is hulle mos nie net van praktiese, maar inderdaad van lewensbelang!**

**NOG STERKER**

Ek sien min. Ben Schoeman het verlede week, volgens Die Burger, in Johannesburg gesê dat die ministers „liewer hul setels in die kabinet (sou) prysgee as om toe te gee aan die ideaal van 'n partylose staat". As hulle nou, ten spyte van hul Federale Raad se besluit van 1941 — wat, sover ek weet, nooit herroep is nie — so sterk voel vir die Britse parlementêre stelsel wat 'n vreemde stelsel is, **hoe sterk moet die O.B. nie voel vir 'n partylose stelsel wat ons EIE Boere-stelsel is nie! Dit is vir ons nog moeiliker om daarvan af te sien as vir min. Schoeman om van die Britse stelsel af te sien, en dan behoort hy en sy leier te weet dat hulle 'n onmoontlike eis aan die O.B. stel.** Mense het in die verlede al op die brandstapel gegaan vir hul geloof, eenvoudig **omdat dit iets is wat jy nie soos 'n baadjie kan uittrek en weggooi nie.** Ons glo dat ons volk alleen gered kan word as ons die verdeel en heers-stelsel van Brittanje afskaf en vervang deur 'n volkseenheidstaat soos in die Republieke van Kruger en Steyn. **En as dr. Malan samewerking op sy hart dra, dan moet hy rekening hou met hierdie politieke geloof van die O.B. net soos hy rekening hou met die Engelse se anti-republikeinse geloof wanneer hy die republiek in die koelkas sit.**

**JOU VROU**

Kyk, as jou vrou glo dat dit tyd geword het om 'n nuwe huis te bou, **sal jy nou van haar eis om òf daardie oortuiging af te sweer en te sê die ou huis is goed, òf die huis te verlaat en buite op die ashoop te gaan sit? Sal jy nie haar oortuiging respekteer en maar dankbaar wees dat sy nog bereid is om binne die ou huis vir jou te sorg solank sy die vooruitsig het op 'n nuwe huis in die toekoms nie?**

Dit is presies dieselfde met dr. Malan en die O.B. Ons is bereid om ons hulp aan te bied binne die ou huis van Britse parlementarisme, maar terselfdertyd glo ons dat 'n nuwe huis beter sal wees. **Waarom moet ons dan uit die huis gejaag word na die politieke ashoop? Waarom moet ons O.B.'s van hul politieke regte ontneem word solank ons glo wat dr. Malan en sy partyleiding self 'n paar jaar gelede geglo het?**

# Was In Partylose Staat Gebore Sê Barlow

In 'n brief aan die Cape Times skryf mnr. Arthur Barlow, L.V., as volg na aanleiding van die berigte en korrespondensie in die pers oor sy uitlating dat hy kans sien om met die Ossewabrandwag oor die weg te kom:

**„Ek het nie die tyd om elke bog te antwoord wat my aanval nie. In verband met die ‚Partylose Staat' waarop die O.B. gegrond is, ek was in een gebore, en was 'n burger van 'n ‚Partylose Staat' (soos deur die O.B. begeer). Sowel Froude as Bryce het dit die ‚Model Republiek' genoem — die Oranje Vrystaat."**

Hierdie brief laat 'n mens vra: As Engelssprekendes al die O.B. se ideaal begryp, hoe is dit dan nog moontlik vir Afrikaners wat daardie ideale saam met die O.B. formeel onderteken het, om dit vandag as 'n „diktatuur" voor te hou? Die antwoord kan slegs wees dat niemand so blind is as hy wat nie wil sien nie.

**HULP GEVRA VIR OUD-GEÏNTERNEERDE**

Het £500 al gespaar na loslating in 1944. Het nog £500 nodig vir **UNIEKE** besigheid.

O.B.-lede, kan u help met £1 of £5 elk? Minstens 15% rente. Twee (2) patente reeds geregistreer.

**— LET OP VIR VERDERE ADVERTENSIES —**

SKRYF AAN / Kwitansies van — ***I. GUEST*** — **Posbus 33 — LANGLAAGTE**

# Afrikaners Besig Om Afrika Te Onderwerp

**Die skokkende feit dat Oos-Afrika waarskynlik eerlang geheel en al in die hande van Indiërs sal oorgaan en dat die witman voor hierdie geel vloed sal uitwyk na Suidelike Afrika, is aan Die O.B. geopenbaar deur mnr. Fanie Botha, van die personeel van Rembrandt-tabakkorporasie, wat onlangs van 'n uitgebreide reis in die noorde teruggekeer het. Aan die ander kant het mnr. Botha die bemoedigende mededeling gedoen dat die Afrikaner besig is om vinnig wortel te skiet in die twee Rhodesiës en vandag die welgesteldste deel van die bevolking uitmaak. Hy meen dan ook dat daar groot geleenthede vir jong Afrikaners in daardie geweste is.**

Sedert die einde van die Anglo-Boere oorlog het Afrikaners vanuit die Unie na Noord- en Suid-Rhodesië geemigreer en selfs tot in Kenia getrek, het mnr. Botha gesê. Vandag word ons mense in genoemde kolonies, die Kongo, Tanganjika en selfs in Uganda aangetref.

In Suid-Rhodesië word Afrikaans orals gehoor en selfs in staatsdepartemente en besighede kan besoekers in baie gevalle in Afrikaans bedien word.

**In kleiner dorpies word in baie gevalle uitsluitlik Afrikaans gehoor in Noord- en Suid-Rhodesië.**

### EKONOMIESE POSISIE VAN AFRIKANERS

Die Afrikaners is in Noord- en Suid-Rhodesië ekonomies van die welgesteldste deel van die bevolking. O.a. woon een van die rykste, indien nie die rykste boer nie, in Suidelike Afrika in S. Rhodesië — 'n persoon wat wel sy bates in sewe syfers kan bereken.

**Die Afrikaners is 44 persent van die bevolking in Suid-Rhodesië en groot distrikte word uitsluitlik deur hulle bewoon.** Ginjazura, die rykste tabakdistrik, se Engelse kan op die tien vingers getel word terwyl ons mense seker 90 persent van die boere uitmaak. So is daar in die afdeling Darwindale wat uitsluitlik aan Engelse behoort het, vandag heelwat minder Engelse boere as Afrikaners. Hierdie ommeswaai het gedurende die afgelope tien jaar plaasgevind. Hoofsaaklik is dit die winsgewende tabakboerdery wat verantwoordelik is vir hierdie toeloop van Afrikaners.

### BOERE

**„Myns insiens," het mnr. Botha gesê, „is die landbou as bedryf besig om in die hande van die Afrikaner oor te gaan, wat die boerdery binne afsienbare tyd sal beheer net soos dit in die Unie die geval is."**

In Noord-Rhodesië waar hierdie proses net so vinnig vorder, is die sekretaris van die Noord-Rhodesiese landbou-unie, 'n betaalde voltydse staatspos, in die hande van 'n oortuigde Afrikaner, mnr. G. van Eeden, wat ook die stigter van die unie is.

Mnr. Botha meen dat die rede vir hierdie vooruitgang voor die hand liggend is: Die natuur stoot die Afrikaner wat die platteland met sy probleme en harde natuur ken, na vore. Ons mense kan met die naturel werk, respek inboesem, arbeid uit hom kry en sy baas bly. Vandaar die sukses. In hierdie verband het ons segsman gesê dat die Afrikaner by voorbeeld tot tien maal soveel tabak uit 'n stuk grond haal as hul Engelse mede-burgers.

### BOER UIT

Van talle gevalle waar vermoëende Engelse onder goeie omstandighede uitboer word verneem, terwyl die plase in ons eie seuns se hande oorgaan wat met niks van onder af begin. **Die grootste en wetenskaplikste boere is Afrikaners. In Suid-Rhodesië is die grootste tabakboer 'n Afrikaner, terwyl in Noord-Rhodesië die grootste tabak- en mielieboere ook Afrikaners is.**

Vir mense wat wil vooruitgaan is daar ongetwyfeld baie goeie kanse in die twee Rhodesiës, hoofsaaklik omdat grondpryse in verhouding tot dié in die Unie baie laag is. Nuwe dele word in genoemde kolonies oopgestel en grond kan teen baie billike pryse verkry word.

### ALGEMENE POSISIE

Die Afrikaners is ook besig om invloed in die landsbestuur uit te oefen. **Vir die eerste keer is so pas 'n Afrikaner in N. Rhodesië tot die wetgewende raad vir die distrik van Lusaka, die hoofstad, verkies met 176 teenoor 56 stemme.** Dit is ook 'n weerspieëling van die verdeling van stemkrag tussen die twee seksies.

In Suid-Rhodesië het die Afrikaners ongelukkig nie 'n sterk leier nie. Indien hulle eenparig sou wees sou hulle enige regering kon laat val. **Indien in aanmerking geneem word dat die bevolking van S. Rhodesië kwalik oor die 100,000 is, sal dit nie veel immigrante van S.A. neem om die skaal in die Afrikaner se guns te laat trek nie.** Hulle het hulp nodig en ons behoort hulle nie te vergeet of as verlore te beskou vir die Afrikaanse saak nie.

Dit is miskien nie algemeen bekend nie dat daar reeds 'n eie Afrikaanse koerant in Salisbury weekliks verskyn — Die Volksgenoot. Hierdie poging van die Afrikaners is prysenswaardig. Ook het hulle reeds 'n groot meubel- en houtfabriek wat deur hul eie kapitaal en arbeid opgerig is. Verblydend is dit dat die Afrikaanse gesinne ook betreklik groot is en dit ly geen twyfel nie dat die volksvermeerdering aan die Afrikaner se kant is.

### INDIËR-VRAAGSTUK

Die Indiër-vraagstuk in Suid-Rhodesië is net so gevaarlik vir daardie gebied as vir die Unie en die openbare mening stem in breë trekke met dié van ons ooreen. In Noord-Rhodesië is dit ook 'n probleem, maar die getalsverhouding tussen blankes en Indiërs is gunstiger as dié van ons hier.

**Tanganjika behoort vir alle praktiese doeleindes aan die Indiërs, het mnr. Botha gesê. Die Asiate oortref die blankes in die getalsverhouding van 5.5 tot 1. Hulle het daar ook politieke regte. „Myns insiens het die Britte 'n onreg aan die Westerse beskawing gedoen deur die Duitsers uit te jaag en die Indiërs te laat inkom.** Persoonlik het ek sterk anti-Britse en pro-Indiese nasionalistiese betogings teengekom." Die verhouding word verder beklemtoon deur die feit dat 80 persent van die staatsamptenare in Oos-Afrika Indiërs is terwyl 97 persent van handelslisensies aan hulle behoort.

### KENIA

Die verhouding in Kenia is 2.5 tot 1 in die guns van die Indiërs se bevolkings getalle. Daar is in Kenia 4,000 Afrikaners wat hierdie toestand met onrus beskou. Talle is ook van plan om terug te trek na die Unie waar hulle liewers arm onder hulle eie mense wil wees as ryk onder die Indiërs.

**Dit is herhaaldelik van alle kante aan my gestel dat die Afrikaners wat van die Suide noordwaarts beweeg en die Indiërs vanaf die Noorde êrens gaan bots. Dit skyn asof die grens van ons blanke beskawing die Noordgrens van N. Rhodesië sal wees.** Dit in aanmerking genome, moet ons aanmoediging om ons mense daarheen te laat gaan om stelling daar in te neem.

### ALGEMENE ONTWIKKELING

Daar word miljoene ponde in Noord en Suid-Rhodesië en Oos-Afrika belê. Noord-Rhodesië is baie ryk aan metale en onedele minerale. Die wêreld se rykste yster en koperneerslae is om Lusaka, die hoofstad, te vind. Met groot skemas voorhande sal Lusaka waarskynlik die strategiese punt benoorde die Limpopo wees.

Nywerheidspersele is opgeneem deur talle wêreldmaatskappye. Alle lug- en landroetes word daar gekonsentreer en dit sal ook, volgens plan, die opslagplek van distribusie-organisasies wees. Vir die doel word 'n regstreekse spoorverbinding tussen Salisbury en Lusaka beoog — 'n verkorting dus van 600 myl van die roete oor Bulawayo en Livingstone. Ook groot hidro-elektriese skemas in die Sambesi by die Karibakloof word beoog.

DEFTIGE SKRYFPAPIER — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.

★

„Egerton Wove," lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) . . . . . . . . . . 3/- per doos.

„Petersburg 1850," lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) . . . . . . . . . . 6/- per doos.

„Foreign Mail," uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) . . . . . . . . . . 7/- per doos.

BESTEL VAN:

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★

# Afrikaans Vorder In N.-Rhodesië

**Tot watter mate Afrikaanssprekendes besig is om na Noord-Rhodesië te verhuis en die land van Rhodes te verafrikaans, blyk uit statistieke wat onlangs deur 'n ondersoekkommissie in skole in Noord-Rhodesië ingesamel is en waarvolgens 30.3 persent van die 3,039 skoolkinders Afrikaans as hul huistaal aangegee het. In 1945 was die persentasie Afrikaanssprekendes 28.3 persent.**

**Die Onderwyskommissie het daarom aanbeveel dat Afrikaans of Frans in die toekoms vanaf standerd vier geleer moet word. Ouers kan weier om hul kinders in standerd vier en vyf Afrikaans te laat leer, maar vanaf die sesde standerd moet die leer van Afrikaans verpligtend wees.**

In die verslag verklaar die kommissie dat Engelssprekende groepe soos die Sons of England Society sterk daarop aandring dat Afrikaans geleer moet word.

Daar word aangevoer dat die bande tussen Rhodesië en die Unie baie nou is en dat kinders wat nie Afrikaans ken nie en werk in die Unie wil soek, aan bande gelê word deur hul eentaligheid.

**Die blanke bevolking van Noord-Rhodesië het die afgelope tien jaar met 14,000 toegeneem, die meerderheid waarvan uit die Unie afkomstig is.**

# Kuilsrivier Woeker

Die vrouekommando van Kuilsrivier het getoon dat hulle nie stilgesit het nie al was dit weens omstandighede nie moontlik om vanjaar hul gereelde funksie te hou nie. Die bedrag van £38 wat met woeker-arbeid ingesamel is, is verlede week deur komdte. mev. J. Pereira by die hoofkwartier inbetaal tesame met 'n bedrag van £6 wat deur die Boeredogters verdien is.

Die kommando hoop om vroeg aanstaande jaar 'n funksie te hou.

**DAAR IS TANS 20,000 MENSE in Kaapstad wat wag op huise** in Kaapstad wat wag op huise, het die sekretaris van Volkswelsyn aangekondig. In Pretoria wag 11,000 mense op huise en in Johannesburg 22,000.

SARIE MARAIS MODEWINKEL

Wesleystraat 56 - STRAND

(REGOOR BIBLIOTEEK)

★

DAMES—

Wanneer u STRAND-toe kom besoek ons. U sal dit die moeite werd vind.

- STRANDDRAG
- DAGTABBERDS

ELKE ROK SPESIAAL UITGESOEK

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.


GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



*Die stryd word gewen met klein daaglikse dade van praktiese belang en nie met groot woorde nie.*

Aan al ons ondersteuners en vriende, 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar.

Rembrandt.

Kersfees 1948

Nuwejaar 1949

RA39

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**DUVENAGE.** — Met dankbare harte wens ons aan al ons O.B.-vriende die groot geskenk wat ons van ons Hemelse Vader ontvang het, bekend te maak, nl.: Op 22 November 'n fris en gesonde O.B.-kleinseun aan ons oudste seun en skoondogter, J. P. Duvenage (Basie en Martie) van Kroonstad. Die sesde kleinkind maar die eerste Johannes Jakob Duvenage vir sy oupa. En op die 23ste November die sewende kleinkind — 'n lief kleindogter aan ons jongste seun, H. S. Duvenage, en gade (Drikkie en Hetta), nog 'n O.B. Ons vorder. — Genl. J. J. Duvenage en komdte J. A. Duvenage, Swawelkrans, Steynsburg. 22/12/1B

## IN MEMORIAM

**CHRISTIAAN MOCKE†**

*Ter Liefdevolle Nagedagtenis aan CHRISTIAAN MOCKE (KIEP). Heengegaan op 4 Januarie 1945.*

**Die leed van sy medemens het hom ter harte gegaan en sy hand en sy hart en sy beurs was nooit toe vir sy behoeftige medemens nie.**

**Beaufort-Wes.** 22/12/1B

## ALGEMEEN

**KNOPE OORGETREK** teen 2/3 per dosyn vir 1/-, 6d. en 3d.-grootte. Stuur u materiaal, bestellings en geld aan **Mev. Potgieter,** Bertramsweg 11A, Troyeville, Johannesburg. 22/12/6B

## BENODIG

**'N DAME** om 'n beginner (seuntjie van 7 jaar) te leer volgens goewermentstelsel, op plaas 10 myl van Barbertonstasie. Te begin na skoolvakansie. Salaris £15 per kwartaal, met vry inwoning. Genoeg bediendes. Applikant moet aan Christelike Kerk behoort. — **N. G. B. Kilian,** Posbus 129, Barberton. 8/12/4B

## BESIGHEIDSPERSEEL BENODIG

Vloerruimte van ongeveer 4,000 of meer vierkante voet benodig vir groothandelsaak. Besonderhede asb. aan: **Posbus 2120, Kaapstad.**

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## MEDISYNE

**ANTIGRYS** herstel gryshare tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug — 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 20/10/Nr. (1)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

## MOTOR TE KOOP

**D.K.W.:** Staalbak, 1938 Model, toestand redelik goed, £130. — Skryf aan **D.K.W.,** Posbus 141, Kaapstad. 15/12/2B

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**MOTORKISTE,** verskillende groottes. Planke met voeë en ¾ dm. dik. Geskik vir plankvloere in buitegeboue en boudoeleindes. Vir mate en pryse doen navraag by **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253. 8/12/TK

**SOUT:** Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 17/11/x8.T.K.

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

## TE KOOP GEVRA

**Ou motorbatterye en verkoelers.** Ons betaal 3/- elk K.B.A. Stuur aan **Nick Neethling,** Lady Greystraat, Huguenot. Vir meer dan 50, bel 1253, en ons kom haal. 8/12/TK

## BETREKKING VAKANT

**AANSOEK:**

**HOOFKLERK MANSAFDELING**

Aansoeke vir bogenoemde betrekking word ingewag deur ondergetekende tot 21 Desember.

Applikant moet ten volle tweetalig wees en moet meld kwalifikasies, ouderdom, huwelikstaat en vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word. Vorige ondervinding in 'n Mansafdeling noodsaaklik.

Salaris £312 x £24 x £600 plus lewenskoste volgens vasgestelde skaal plus £3 aan getroude persone.

Van die suksesvolle applikant word verwag om deel te neem aan die Vereniging se pensioenskema. Ten minste twee gewaarmerkte afskrifte van onlangse getuigskrifte moet die aansoek vergesel.

**Die Voorsitter,**
W.K.H.V.,
Bus 62,
**Nylstroom.**

## RADIOTRONICS

**(A. Perold en P. Brink)**

Vir herstel en koop van

**ELEKTRIESE APPARAAT**

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)

**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

## A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

# Kerswense

Heilwense vir die feesdae en opregte O.B.-groete aan dr. J. F. J. en mev. Van Rensburg en familie, genl. en mev. J. A. Smith, dr. en mev. F. du Toit van Zyl en seun. Alle ander mede-offisiere en Brandwagte, insonderheid die van die Brandvlei-kommando. Van: **Hoofgenl. en mev. W. P. Burger,** Skansklip.

**Hoofkomdt. en komdte. R. van Rooyen** van die Christiaan de Wetkommando (Brooklyn, K.P.) wens aan die K.G., die A.K.G., en Gebiedsleier en hulle gesinne, en alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar. Lank lewe die Ossewabrandwag.

Hiermee wens **komdt. en mev. B. Lotz** van die Christiaan de Wetkommando (Brooklyn) die K.G., A.K.G., en die Gebiedsleier, alle offisiere en Brandwagte 'n baie geseënde Kersfees en 'n uiters voorspoedige Nuwejaar toe.

**Mnr. en mev. M. van der Spuy, Melt en Marise,** van Uitenhage, wens ons K.G. en sy gesin, en alle O.B.-kamerade, oud en jonk, 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Hou moed, ons sien Lig!

Gelukkige Kersfees en Nuwejaar aan ons geliefde K.G en A.K.G., offisiere en O.B.'s Staan by die man wat ons gelei het in donker oorlogsjare. Van: **J. J. Erasmus,** Simonsvlei, Boshof, O.V.S.

**Brandwag George D. van der Smit,** Outjo, S.W.A., en vroeër van Nylstroom en Waschbank, wens hiermee al sy O.B.-kamerade in Noord-Transvaal en Noord-Natal 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1949 toe. Laat ons sterk wees in die stryd; ek sal koers hou in die verre noorde.

Aan ons geëerde K.G., A.K.G., Lede van die Groot Raad, alle offisiere en Brandwagte, my beste gelukwense met Kersfees en 'n plesierige en voorspoedige Nuwejaar. Wees gehoorsaam aan God die Vader. Wees standvastig. Wees getrou aan ons beginsels en bly op die pad van Suid-Afrika. U kameraad, **J. S. Badenhorst,** Albertinia, K.P.

Gods beste seën en wense vir Kersfees en Nuwejaar aan ons K.G., offisiere en manskappe. Ons pad word donker, staan by ons K.G. en ons Beweging. Die oorwinning sal die O.B. ten deel wees. Van: **J. C. Coetzee,** P.K. Thabazimbi.

Aan ons K.G. en A.K.G., alle offisiere en Brandwagte, 'n geseënde Kersfees, 'n gelukkige Nuwejaar van voorspoed en oorwinning vir ons Republiek. — **Komdte. E. C. Franken,** Vroue-O.B.-kommando, Gansbaai.

**Mnr. C. J. Steenkamp (D/Sn.),** P.K. Koekenaap, Oor Klaverstasie: Liewe ou broer, dis vir my 'n besondere voorreg om langs hierdie weg deur middel van ons geëerde blad aan u ons Kersfees-groete oor te dra. Mag Kersfees vir u en gesin 'n baie geseënde tyd wees en die nuwe jaar vir u baie geluk en voorspoed bring. Lank lewe ons Beweging. Met O.B.-groete, U broer, **D. J. G. STEENKAMP (JNR.),** Van Wyksvlei.

**Mnr. C. W. Steenkamp,** Rhenosterkop, Oor Kakamas: Liewe broer, wees sterk en vol moed want die stryd wat ons vadere begin het sal woed tot ons sterf of gewin het. Mag Kersfees vir u en u huis 'n baie geseënde tyd wees en die nuwe jaar vir ons besieling en vasberadenheid bring op die pad van stryd vir jong Suid-Afrika. Met O.B.-groete, U broer, **D. J. G. STEENKAMP (JNR.),** Van Wyksvlei.

Geluk met Kersfees en die Nuwejaar aan alle familielede, vriende en vriendinne. Van: **Mev. J. P. Erasmus,** Tweedelaan 77, Parow. 22/12/1

Die **manne- en vroue-kommando's van Barrydale** wens die K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Komdt. en mev. S. W. Joubert en gesin** van Barrydale wens alle O.B.-vriende en -vriendinne 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Hiermee wens ons die hele Ossewabrandwag van die K.G., A.K.G., Groot Raad, al die offisiere en elke Brandwag, Gods rykste seën toe vir 'n rustige Kersfees en voorspoed vir die komende jaar. 'n Jaar nader aan die O.B.-ideaal, laat ons getrou wees aan ons mede-broer en suster, laat ons vasstaan vir ons ideaal. Laat ons bowe al op God vertrou. Van: **Genl. J. J. Duvenage, komdte. J. A. Duvenage,** Swawelkrans, Steynsburg.

Aan K.G. en A.K.G., offisiere en Brandwagte, 'n gelukkige Kersfees en 'n nuwe jaar van voorspoed en oorwinning vir ons Republiek. Laat ons vriende ons aanspoor tot die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of oorwin het. Van: **Genl. J. L. Swart en gesin,** Heidelberg, K.P.

Ons wens ons geliefde K.G. en A.K.G., offisiere en Brandwagte, 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Van: **Komdt. en komdte. J. H. V. du Toit,** Klipfontein, Langebaanweg.

Aan K.G. en A.K.G., alle offisiere en Brandwagte, mede-Afrikaners, vriende en familie, alle seën en voorspoed word u almal toegewens vir Kersfees en met Nuwejaar 1949. Van: **W/H/Komdt. C. J. Blom en gesin,** Sutherland.

Die **Vroue-kommando, Kuilsrivier,** wens die K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte 'n gelukkige en vreedsame Kersfees en 'n gesonde, gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Die CHRISTIAAN DE WET-kommando van Ysterplaat (Brooklyn) wens langs hierdie weg hul dank te betuig aan die ondersteuners van hul gereelde funksies op Melkbosstrand en hulle te verseker van hul beste wense vir Kersfees en die Nuwejaar. Ons volgende funksie is op 5 Februarie.** 22/12/1

Namens **die kommando's van Malmesbury** wens ek ons K.G. en gesin, A.K.G. en gesin, en alle O.B.'s sowel as die hele nasionale Afrikanerdom, 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar. — **Komdt. E. L. Steyn.**

**Mev. C. G. Immelman (Ouma)** en **mnr. en mev. Eddie Lombard** van Malmesbury, wens alle getroue Brandwagte asook vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

**J/Komdt. Hitge en gesin** wens ons K.G., A.K.G., Jeugleier, alle offisiere, Brandwagte, Boerejeuglede en hul ouers 'n geseënde Kersfees toe en hoop dat ons almal in die Nuwejaar met nuwe moed vir ons Volksbeweging besiel sal wees.

**Genl. en mev. D. J. Dannhauser** wens ons K.G. en mev. van Rensburg, kamerade in die Ossewabrandwag, familie en vriende 'n geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar van vreugdevolle diens.

Geseënde Kers- en Nuwejaarsgroete aan ons geliefde K.G. en A.K.G. en mede-offisiere en Brandwagte. Wees sterk en volhard. — **Mev. S. C. de Jongh.**

Die **Blignaut-gesin** uit verre Windhoek, S.W.A., wens die K.G., alle offisiere, Brandwagte en vriende 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Mnr. en Mev. J. J. Hartman,** MacDonaldstraat 5, Uitenhage, wens alle O.B.-offisiere, lede en vriende vrede en vreugde, geluk en gesondheid met Kersfees en Nuwejaar.

**Hoofkomdt. en Mev. Gillomee** wens alle O.B.-offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Komdt. Theunis Mulder en Veldt.** Mulder wens ons K.G., die A.K.G. en alle offisiere en Brandwagte van die O.B. 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**Gebiedsleier, J. G. S. Opperman (E),** bedank namens die Hoofkwartier alle offisiere en brandwagte vir die talle goeie wense wat hom bereik het. Ons gaan 1949 tegemoet met vasberadenheid en volle vertroue in die leiding van ons Beweging. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar word u almal van harte toegewens.

**Wag/Hoofkomdt. en Mev. H. T. Hickman,** H/v. Agstelaan en Broadwayweg, Vredelus, Bellville wens hiermee, die K.G., A.K.G., alle offisiere, Brandwagte en bekendes, 'n gelukkige Kersfees en geseënde Nuwejaar toe.

**Observatory-Kommando** wens die K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

**Veldt. J. P. Viljoen en gesin** van Viljoensdrif, Wolseley wens al hul vriende en vriendinne 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe. Laat ons sterk wees in die stryd vir 1949.

**S. C. Smith,** Weltevrede, P.K. Maleeuwskop, Transvaal, stuur Heilwense en Kersgroete aan opregte O.B.'s in ons land.

Aan die K.G., A.K.G., alle offisiere en brandwagte ons beste wense vir Kersfees en die Nuwejaar. Laat die stryd wat ons Vader begin het woed tot ons sterf of gewen het. Van **Wag/Genl. en Assistent/Hoofkomdte. A. O. en M. J. Kriek,** Vrugbaar, Rosendal.

Ons wens al ons vriende(inne) in Vrystaat en Transvaal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. **Mnr. en Mev. W. de Bruin en Alida.** Lydenburg.

Kamerade, die afgelope tien jaar het die Ossewabrandwag gestry en „gely" vir ons ideaal — Volkswaardigheid —. Vandag is ons 'n mag waarmee rekening gehou moet word. Die dag breek aan wanneer ons nie alleen moet volg — maar „lei" in Volkswaardigheid en eenheid. Een vir almal, almal vir elkeen. **Komdt. F. W. Burnett,** Port Elizabeth.

**Mnr. en mev. J. J. Loock,** Ongelegen, Uniondale, wens hulle vriende 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe.

Mag die Kersfees baie geseënd wees en die Nuwejaar baie geluk, voorspoed en 'n verenigde front bring vir die K.G., voorsitter en lede van die Groot Raad, die Redakteur en personeel, alle offisiere en mede-Brandwagte. Lank lewe die O.B. Van: **Piet Fourie,** Boompie Alleen, Cornelia.

Die **O.B.-kommando, Bellville,** wens die K.G., die A.K.G., en alle O.B.'s dwarsdeur die land 'n geseënde Kersfees en krag toe om hulle pligte gedurende die Nuwejaar getrou na te kom.

**Graag wens ons ons kliënte 'n geseënde Kersfees en baie voorspoedige Nuwejaar toe.**
**D.K.B.-GROOTHANDELAARS BPK.**
(Voorheen: Die Kopersbond Bpk.)
**Keeromstraat 52, KAAPSTAD.** 15/12/2

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

# Mag Volk Nie Self Besluit?

„Staatsamptenaar," Heidelberg, Transvaal, skryf:

Volkseenheid word nou weer opgeoffer terwille van drie provinsiale setels wat deur O.B.-gesinde A.P.-kandidate beveg moes word! Dit blyk dus dat 'n Smutsregering meer aanneemlik is vir die H.P.-owerhede as drie O.B.-gesindes in die Provinsiale Raad. Vir ons „kinders in die politiek" lyk so 'n handelwyse meer as komende van kranksinniges as van „'n geagte en beproefde leier."

Gestel die bewering sou waar wees dat „Die O.B." A.P.-platforms gebruik om sy „ondemokratiese" ideologië te propageer: Is die H.P. dan bang dat hulle „volksegte" partystelsel homself nie sal kan handhaaf teen 'n „volksvreemde ondemokratiese" ideologie soos deur Die O.B. verkondig nie? Sou dit nie meer demokraties wees om die volk 'n kans te gee om te oordeel en self te kies nie? Of moet hy liewers (soos 'n kruipende baba by 'n visdammetjie) weggehou word van die verderflikheid van sulke „ondemokratiese" leerstellings?

Is die kern van die moeilikheid nie miskien daarin geleë dat die gesagstaat, soos deur Die O.B. beoog, nie sal ruimte laat vir beroepe soos vandag beoefen word deur sekere beroepspolitici nie? Want onder 'n Smutsregering sal „Sy Majesteit se Opposisie" immers altyd gewaarborg wees van hulle beroepe.

## SKULDIGES

Mnr. Barry Grobler, Sweethome, Vryburg, skryf:

Dr. Malan het op Klaver gesê dat die Sap-regering twee kommissies na Duitsland gestuur het om uit te vind wat die rol was wat Afrikaners gedurende die oorlog gespeel het, en die regering het daardie dokumente in sy besit. Die skuldige persone is nie in hegtenis geneem nie ten voordele van die V.P., maar wel die onskuldiges. Die O.B.-leiding het lankal in die pers verklaar dat die H.N.P.-leiding onskuldig is — manlike taal van iemand wat groot is. Laat dr. Malan nou ook groot wees en op sy eerste politieke vergadering vir ons vertel watter soort verraad dit was dat Harry Lawrence hom in die volksraad voor bedank het in verband met die dienste wat hy aan die regering bewys het om die O.B. in toom te hou. So nie sal ek vir Lawrence skryf en vra. Dr. Malan weet nou wie die „skuldige" persone is. Laat hulle arresteer voor die volgende verkiesing — u verwag tog seker van hulle geen mandaat nie. In hierdie land het nog nooit 'n Afrikaner onder 'n partyregering hoogverraad gepleeg nie, maar wel die regering self.

**VOORSLAG. — Die Direksie en personeel van Voorslag (Edms.) Bpk., wens alle offisiere, Brandwagte en ander getroue ondersteuners en lesers van „Die O.B.," en ook die adverteerders in ons blad 'n aangename Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.**

'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar word ons K.G., A.K.G., alle offisiere en Brandwagte van Generaalskap A15 toegewens. — **Genl. F. M. Joubert,** Kakamas. 15/12/2B

**Mnr. A. en P. le Roux,** Zuurbraak, stuur Kers- en Nuwejaarsgroete aan alle vriende.

# DRINGENDE VEREISTE VIR NUWE STELSEL VAN STADSBESTUUR

**'n Verklaring wat vir die grootste deel onopgemerk in die pers verbygegaan het, maar van ingrypende betekenis is indien die voorneme bestaan om dit uit te voer, is dié van dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, 'n week of wat gelede dat burgemeesters deur die sentrale regering aangestel behoort te word en dat daar spesiale opleiding vir munisipale amptenare aan universiteite ingerig moet word. Die standpunt van die Minister kan deur die O.B. heelhartiglik onderskryf word — dit is een van die Beweging se beleidspunte.**

Die munisipale stelsel in Suid-Afrika is veral in die groot stede wat in terme van miljoene ponde werk, een van die duurste en ondoeltreffendste in ons land. Maar dit is nie net 'n kwessie van ondoeltreffendheid nie, die **stelsel leen hom tot 'n klaaglike weerspreking van volksbeleid en laat toe dat mense wat dikwels totaal vreemd staan teenoor die Suid-Afrikaanse tradisie en opvattings, 'n beleid volg wat regstreeks indruis met dié van die sentrale regering sonder dat iets daaraan gedoen kan word.** 'n Treffende bewys hiervoor is die gelykstellingsbeleid van die Kaapstadse stadsraad, met sy sterk kommunistiese verteenwoordiging. **Die enigste antwoord wat 'n regering wat vir apartheid staan totsover hierop kon gee, was 'n dreigement in 'n koerant wat die regering ondersteun, dat mettertyd 'n ander hoofstad gesoek sal moet word vir die wetgewende raad omdat parlementslede gegrief word deur die praktyke in Kaapstad!** Met ander woorde onregstreekse dwang soos dié wat 'n kliënt teenoor 'n besigheid kan gebruik, is die enigste wapen waarmee die sentrale regering 'n weerbarstige stadsraad kan of wil antwoord — maar alle stede in die land is nie wetgewende hoofstede nie!

### DEELTYDSE BESTUUR

Soos die posisie tans is, word stede bestuur deur 'n stadsraad wat gekies word deur stemgeregtigde inwoners, en die kwalifikasies vir stemreg en kiesprosedure in die stede verskil aansienlik in die verskillende provinsies en selfs tussen dorpe en stede van dieselfde provinsie. Burgemeesters word gewoonlik net vir een jaar gekies en lede vir drie jaar. **Hierdie mense wat die septer swaai oor die stad is deur die bank deeltyds belas met die bestuur, en ontvang geen of weinig vergoeding vir hul dienste. Uit die aard van die saak wy die prokureur of dokter wat burgemeester of stadsraadslid is, meer tyd aan sy private professie, van £2,000 of £3,000 as aan dié van die stad met sy £15,000,000 of £20,000,000.** Baie van hulle beskou dit maar as 'n ereposisie wat teen aansienlike koste verower moet word en meer dikwels sonder veel rekenskap behou kan word weens die opvallende gebrek aan belangstelling by die publiek. Behalwe vir komitees oor verskillende aspekte van stadsaangeleenthede wat die een of ander tyd moet inruim vir 'n vergadering, **word die beslissings geneem op 'n maandelikse vergadering wat hoogstens drie of vier uur duur.**

### MILJOENE

En wat is die omvang van hierdie beslissings? In terme van geld raak dit miljoene ponde en van mense honderdduisende inwoners. **Die stadsraad van Johannesburg se jongste begroting het £23 miljoen pond bedra teenoor slegs £19 miljoen van die Transvaalse Provinsiale Raad, terwyl die Kaapstadse stadsraad hierdie jaar begroot vir meer as £13 miljoen teenoor £15 miljoen van die hele Kaapland.**

Met ander woorde 'n klein groepie mense in min of meer ereposte — waarin hulle geplaas is onder 'n stelsel wat geen groter eise stel ten opsigte van bevoegdheid, kennis en ervaring nie as die vermoë om deur middel van persoonlike propagande en met behulp van 'n vloot motors 'n meerderheid kiesers uit 'n belanglose publiek na die stembusse aan te karwei nie—**beslis oor groter of gelykstaande bedrae as wat 'n hele provinsie oplewer vir doeleindes van onderwys, gesondheid, openbare paaie en ander dienste in belang van 'n bevolking wat vir die grootste deel nog die stedelike bevolkings ook insluit.**

### MISBRUIK

Hoe hierdie geld misbruik word, het voor die oorlog geblyk uit die beslissings van die Johannesburgse stadsraad ten opsigte van aankope in die buiteland. Buitelandse tenders ten bedrae van honderdduisende ponde is afgehandel bloot op grond van sentiment sonder die minste inagneming van besigheidsbeginsels. Dit het dikwels gebeur dat tenders van Britse firmas aangeneem is wat dubbel so hoog is as dié van vastelandse fabrikante.

Dit is dan ook 'n algemene verskynsel dat die uitgawes van stadsrade dwarsdeur die Unie opwaarts beur en steeds ondraagliker laste op die stedelike belastingsbetalers laai. **Tot watter verhouding hierdie styging tot die vermeerdering in bevolking staan, blyk uit die syfers vir die vyftien jaar tussen 1921 en 1936. Terwyl Kaapstad se bevolkingsaanwas 62 persent was, het sy uitgawes met 140 persent toegeneem!**

### HOËR BELASTINGS

In Kaapstad was die belasting op eiendom in 1945 vasgestel op 5½d. in die £, terwyl die oorspronklike wetlike beperking 4d. in die £ was. **Vandag is die belasting 6½d., dit wil sê reeds meer as die helfte hoër as wat die Provinsiale Administrasie as die hoogste tarief bepaal het.** En die gevaar bestaan dat dit nog steeds al styg.

Soos dit tans is, beteken dit dat iemand wat 'n huis wat vir £3,000 gewaardeer word — en dit is maar 'n beskeie huisie teen die huidige pryspeil — £80 per jaar aan belasting moet betaal of byna £7 per maand, wat amper gelyk staan aan die huur van 'n middelmatige huis. **Die eienaar word dus feitlik in die posisie gestel van 'n huurder van die stadsraad. Watter aanmoediging hierdie hoë belastings verskaf aan jong getroudes om hul eie huise te bewoon wanneer meeste nog driekwart van die koopsom moet leen en in maandelikse paaiemente van £15 tot £20 moet terugbetaal, behoef geen verdere beredenering nie.**

### SENTRALE BEHEER

Wat nodig is, is dat die sentrale regering groter verantwoordelikheid neem vir die bestuur van stede sowel wat geldelike toesegging as toesig betref. Dit bring vanself mee dat die bestuur van die stad toevertrou moet word aan opgeleide persone in voltydse diens. Die gebrek aan belangstelling vir munisipale sake is genoegsame bewys dat so 'n stap nie deur stadsbewoners gewraak sal word nie. Hul belange word in elk geval nog verteenwoordig deur plaaslike verteenwoordigers wat die voltydse burgemeester bystaan. Daar kan dus gehoop word dat dr. Dönges se uitlating nie net by 'n meningsuiting sal bly nie.

---

## Masjien Wat Kan Dink

**'n Britse dokter het 'n elektriese toestel gebou wat hy beweer in staat is om te dink soos 'n mens. Indien die beginsel toegepas word in 'n „brein" van veel groter omvang verklaar hy, sal dit geleer kan word om skaak te speel. Die dokter, W. R. Ashby, is 'n spesialiteit in geestelike versteurings en het die masjien gebou om hom te help in sy studie van geestelike krankheid by mense.**

Hy verklaar dat die belangrikste verskil tussen sy uitvindsel en ander soortgelyke masjiene is dat syne vir homself kan dink en hom by honderdduisende verskillende toestande kan aanpas. Die beginsel waarop dit werk is dat vier magnete gekoppel is aan verskillende elektriese strome. As die „brein" in sy normale toestand is, kleef die magnete aanmekaar. As enigiets die ewewig versteur, kan dit 27 elektriese strome gebruik om sy ewewig te herstel, wat beteken dat dit 390,625 metodes kan gebruik om enigiets wat sy ewewig bedreig, te weerstaan. Teen die snelheid van elektrisiteit beweeg dit deur die 390,625 verbindings totdat hy die regte een kry.

---

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## ROBERTSON SAMEL £225 IN

**Die Robertson-kommando het Fondsdag in die Stadsaal gehou op 27 November, en op hierdie geleentheid £225 ingesamel, danksy die ywer van Kommandante Hester Kloppers en haar ywerige Brandwagte.**

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het die aand 'n goedbygewoonde vergadering toegespreek, en 'n besielende toespraak, soos net hy kan doen, gelewer. By hierdie geleentheid was daar etlike offisiere en Brandwagte van Montagu, Bonnievale en Rawsonville teenwoordig.

Die vroue-kommando wat die reusetaak van die basaar aangepak het, is vas beslote om volgende jaar die K.G. by Fondsdag teenwoordig te hê, en om dan minstens die opbrengs te verdubbel. **Hulle begin reeds nou al met voorbereidings vir die volgende Fondsdag.** — (Korr.)

---

## Naturelle Verenig

**'n Verenigde naturelle-organisasie is op 16 Desember in Bloemfontein gestig toe die African National Congress en die All-African Convention besluit het om saam op te tree in hul verset teen blanke oorheersing en die kleurslagboom. Daar is besluit om alle instellings te boikot wat die naturelle nie regstreekse verteenwoordiging in die regering gee nie. Kwaai taal is by die geleentheid gebesig.**

SANLAM
*verhoog sy*
BONUS
*na*
£2/2/0%
(Jaarliks Saamgesteld)
*vir sy*
30STE
BOEKJAAR
Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-maatskappy Beperk
Hoofkantoor:
WAALSTRAAT 28
KAAPSTAD

'N IDEALE KERSGESKENK




DIE Draagbare REMINGTON

Hierdie sterk vervaardigde, draagbare REMINGTON is 'n ideale geskenk vir die studerende seun of dogter. Hy sal egter volmaak aan alle huisvereistes voldoen. Hy is maklik om te gebruik, kompakt om weg te bêre tog lewer hy goei tikwerk.

Sy sterk raamwerk en stewige konstruksie maak hom bestand teen jare en jare van reise in alle toestande. ONTHOU REMINGTON! IDEAAL VIR DIE HUIS EN VIR DIE REISIGER.

Die vinnige, DRAAGBARE TIKMASJIEN, luukse-model 5, is die volledigste draagbare tikmasjien vir alsydige tikwerk en het meer eksklusiewe kenmerke as enige ander draagbare tikmasjien.

SLEGS £24/10/- KONTANT

Deposito £3/5/- — Twaalf maandelikse paaiemente van £1/17/6

Phil Morkel
6 TAKKE
POSBESTELLINGSAFDELING:
POSBUS 2721 KAAPSTAD